4 Februarie 2011

**Alg O/B: 2/2011**

Geagte Ouers/Voogde

| | |
|---|---|
| **1.** | **BETALINGSOOREENKOMS: SKOOL- & KOSHUISGELDE** |
| **2.** | **REËLINGS INSAKE VERKEERSVLOEI** |
| **3.** | **AANWYSINGS EN REËLINGS MET BETREKKING TOT ROOK OP SKOOLTERREIN** |
| **4.** | **MENINGSOPNAME: OPENBARE VAKANSIEDAE** |

1. **BETALINGSOOREENKOMS: SKOOL- & KOSHUISGELDE**
Ons versoek vriendelik dat die betalingsooreenkoms en regulasies vorm wat saam met hierdie skrywe gestuur word, voltooi sal word en op Maandag, 7 Februarie 2011 teruggestuur sal word skool toe.

Baie dankie aan die mooi groep ouers wat reeds skoolgelde betaal het.

2. **REËLINGS INSAKE VERKEERSVLOEI**
Die vloei van verkeer, veral in die oggende, bly steeds 'n probleem. Die Beheerliggaam is ook reeds geruime tyd besig met onderhandelinge, met die owerhede, om die probleem aan te spreek.

As tussentydse maatreël versoek ons weer dat ouers asseblief die volgende reëling ernstig sal oorweeg:

2.1 Dat slegs graad R, graad 1 en graad 2 leerlinge in Afrikanerstraat afgelaai sal word.

2.2 Dat leerlinge in graad 3 tot graad 7 in Oosstraat of Boerenstraat afgelaai sal word.

3. **ROOKREËLINGS**
Rook in openbare of publieke inrigtings word volgens wetgewing verbied. Die Beheerliggaam is tans besig om die nodige kennisgewingborde op die terrein aan te bring. Ouers en personeel sal dus voortaan slegs op 'n aangewese terrein mag rook. Ons vertrou dat alle rokers in belang van ons kinders en nie-rokers die reëlings sal gehoorsaam.

4. **OPENBARE VAKANSIEDAE: 2011**
Op versoek van ouers ondersoek die Beheerliggaam tans die situasie met betrekking tot openbare vakansiedae en die invloed daarvan op die skoolprogram. Die skooldae 28 & 29 April 2011 is ,'n probleem tussen al die ander vakansiedae. Die onderwysdepartement sal waarskynlik goedkeur dat daar nie skool sal wees op hierdie twee dae nie, maar die verlore tyd moet teruggewerk word. Een voorstel is dat die skoolvakansiedag 8 Augustus en Vrouedag, 9 Augustus 2011 dan skooldae sal wees.

Die Beheerliggaam wil graag ons ouergemeenskap se mening insake so 'n reëling toets. Voltooi dus asseblief die onderstaande skeurstrook en stuur terug skool toe op Maandag, 7 Februarie 2011.

Groete

_____

**PEET COETZEE**
**HOOF**

✂----------

# SKEURSTROOK : OPENBARE VAKANSIEDAE

Dui asseblief u keuse aan deur ’n regmerk in die blokkie te maak:

| | |
|---|---|
| Ondersteun gedagte dat 28 & 29 April 2011 nie skooldae sal wees nie en dat 8 & 9 Augustus 2011 vervangende skooldae sal wees | |
| Verkies dat skoolkalender behou sal word soos voorgehou met ander woorde 28 & 29 April 2011 bly skooldae met 8 & 9 Augustus 2011 vakansiedae | |

Geteken: _____ ouer van _____ in Gr ____

Datum: _____ Tel/Sel: _____